Ges. 2:3.
Ges. 106: 1, 2.
" 107: 6.

# Die Volheid v.d. Tyd.

1Ank. 3 Des. 1961

Gal. 3:19–4:7

Gal. 4:4 – Maar toe die volheid v.d. tyd gekom het, het God sy Seun uitgestuur, gebore uit 'n vrou

Ons moderne tyd slaag daarin om elke jr. die Koms van Kersfees op besondere manier tuis te bring by die inwoners van die wêreld. Versierde vensters, Kleurige Kerskaarte, blink bome, aantreklike advertensies 'n dit en nog meer vertel ons dat iets groots & belangriks herdenk of gevier word. Dis letterlik 'n ontsettende „vol tyd" vir almal – maar wat, as dit eenmaal verby is, talle en talle leeg laat.

Teenoor so'n tyd vol van drang & drukte, pret en partytjies staan daar d. uitdrukking in Gal. 4:4 van „die volheid v.d. tyd" wat soek om saam te vat alles wat in die gang v.d. geskiedenis gebeur het as deel v.d. groot plan van voorbereiding wat God besig was om uit te voer vir die Koms van sy Seun. Laat ons kyk wat presies dit ingehou het.

„Die Voorbereiding van 'n Nuwe Tyd"

I Die Volheid v.d. Tyd – Intensiewe Voorbereiding:

Die geskiedskrywers van dd. tyd heef ons in dié opsig gemeldig baie deur hulle volledige mededelinge:

① Staatk. Gebied: Die era van wêreldryke imperiums ens d. Griekse ryk wat gevolg word deur d. Romeinse Ryk – die botsing van groot polit. magte waarin die hele Palestina ingetrek en oorrompel word. Groot militêre paaie word gebou wat later d. handelsroetes word wat die een werelddeel met die ander verbind. Tyd van omwenteling & omkering soos nog nie van tevore beleef.

– Verspreiding Jode (diaspora) > Kringe v. proselieté as vb. vir verkondiging Evangelie

② Ekonomiese Gebied: Tyd van uitbreidende handel en ekonomiese opbloei, met toenemende rykdom a.d. een kant en toename v.d. slawehandel en armoede a.d. ander kant. Tref veral Palestina swaar — bittere stryd om d. bestaan vir duisende! Dit op sy beurt lei weer tot opstand en botsing, ontevredenheid onder d. massas. d. rommelinge soos van 'n vulkaan eers dof en saggehoor, maar algaande duideliker.

③ Sedelike Gebied: Tyd van morele ontbinding en ongebondenheid, soos in d. landstreke in en om Palestina selde beleef (vgl. Paulus se briewe, historiese gegewens). [~~Ou regsbegrippe vervaag, gerysig of verkrag~~,] omkopery v bedrog in regspraak v handel, ongekende losbandigheid in die huwelik en huisgesin, d. waarheid verdraai en misbruik,

④ Geestelike Gebied: Tyd van gisting en verwarring, botsende geestelike & godsdienstige rigtinge: verlies vir talle van hulle geloof, pynlike frustrasie, uitgesproke sinisisme wat alle doel en sin v.d. lewe betwyfel of verwerp het; [illegible] onbevredig met godsdiens — ontevrede met d. Kerk. Daarnaas by die geestelike fadedom die verskerping v.d. verwagtinge om d. Koms v.d. Messias, „die vertroosting v Israel". Hoe groter d. gaos, hoe verwarrender d. beeld hoe meer. —

→ God dus besig met 'n omploeg-proses, 'n omkering v.d. bestaande orde waarin baie onreg teen baie mense v volken gepleeg word, waarin dit skyn of daar [illegible] met 'n roekelose planmatigheid die bestaande orde omvergewerp word. Dis deel v.d. volheid v.d. tyd

II Die Doelbewuste Optrede v God: Die mense wat die tyd probeer verstaan en ontleed sê: Dis gaos! Maar die Woord, die Bybel wat die tyd verklaar sê: Dis God! God wat die tyd ryp maak. God wat skynbaar baie gaos en botsing en ontbinding toelaat — met watter doel? Een antwoord: Sodat God sy Seun kon uitstuur! Let op d. baie doelbewuste inhoud v.d. wd: UITSTUUR — selfde woord as apostel: God het sy Seun ge-apostel. Dus: ① agter alles is God — Hy rig en stuur die volkere, Hy laat toe d. botsing van wêreldmagte, Hy bring sy kinders en sy Kerk in die noute — alles om die siel v.d. mens voor te berei vir hd. nuwe boodskap, alles om d. klein kring v. gelowiges meer uit te dryf in d. gebed, besinning, gemeenskap met mekaar: hulle verlange & verwagting te verdiep na d. Koms van 'n nuwe tyd!

Maar wat sou hd. nuwe tyd wees? Wat wou God kom bewerkstellig? Dlop gee Xtus self d. antwd in Mk. 1:15 en Paulus in Gal 4:4

Mk. 1:15 „Die tyd is vervul en die Koninkryk v God het naby gekom"; Gal 4:4 — „Om die wat onder die wet was, los te koop". Hier het ons dus 'n wonderlike antwoord:

(a) Gods doel was: die Koms van sy Koninkryk op aarde, die totstandkoming en uitbreiding van sy ryk onder mense (vgl. die Onse Vader). Daartoe was alles nodig: die botsing & bloedvergieting, die verryking v verarming, die ongebondenheid en onsedelikheid, die frustrasie v verwarring — alles deur God toegelaat dat sy Koninkryk van waarheid en geregtigheid en barmhartigheid sou kom! gevestig word!

(b) En hd. Koninkryk se Koms nie die van 'n polit. magsgreep, 'n ekon. hulpprogram, 'n sedel. verbetering — mr. om die mens vry te maak v.d. magteloosheid van wette te probeer nakom in eie krag wat geen mens kan nakom nie! Dus: innerlike geestel. lewensverandering bewerk deur God in genade en ontvang as geskenk!

III Die Neerbuigende liefde v God: „Gebore uit 'n Vrou"

— God kon soveel ander weë en middele gekies het om sy Koninkryk te kom vestig — mr. Hy kies die weg van d. Vleeswording, die menswording v God deur sy Seun te laat gebore word uit 'n vrou! God kom dikteer nie van bo af, mr. Hy word een met ons in ons smart en skuld in Xtus, sy Seun! Sy vernedering = geword uit 'n vrou, geword onder wet)

→ Ons tyd bv uitsteek so 'n tyd: omwenteling v.d. ou gevestigde idees v orde. Antigodd. magte gryp dit aan om hulle eie oogmerke te bereik mr God beheer dit alles — waartoe?

① Wil sy kerk meer apostel v uitstuur n.d. blye bask.: Die Koninkryk v God kom deur al die dinge — gaan in vervulling!

② Sy kinders vul met 'n blye, heilige optimisme wat weet: God bereik sy doel — Sy Koninkryk sal kom! Gaan triomfeer! Maar dan ons hoofbede v verwagting:

Laat u Koninkryk kom!

Amen